

Sondag 12 November

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35

Fokusgedeelte: Matteus 18:32, 33 (1933/53-vertaling); HK Sondag 31:83, 84

Deel soos Christus barmhartigheid en vergifnis uit!

Aan die kruis het Koning Jesus (Matt. 27:37) sy koninkryks-onderdane losgekoop en syne gemaak. Matteus 18 vorm deel van die sogenaamde koninkryksgelykenisse waarin vir ons vertel word hóé die onderdane behoort te leef. God se Koninkryk word op 'n heel ander manier as 'n aardse geregeer. Trefwoorde is: liefde, genade, troos, beloftes, oordeel en geregtigheid.

Sondag 31 sluit by hierdie koninkryksgelykenisse aan. Die koninkryk van die hemele is soos 'n outydse kasteel. Die groot buitedeur sluit oop en toe om die volk binne en die vyand buite te hou. Daar is twee sleutels. Die eerste sleutel sluit vir die gelowige die Koninkryk oop deur die verkondiging van die evangelie. Die tweede sleutel is die Christelike tug wat deur die evangelie mense tot bekering roep. Vir die bekeerde sondaar word die Koninkryk ook oopgesluit. Vir die ongelowige en onbekeerde word hierdie twee sleutels egter gebruik om die koninkryk toe te sluit. Ter wille van die verdienste van Christus word vir die gelowige al hulle sondes waarlik vergewe “so dikwels as wat hulle die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem”.

Matteus 18 se gelykenis staan in hierdie konteks van sondevergifenis. Die gelykenis wil vir ons leer dat die onderdane, net soos Koning Jesus, ander mense volkome behoort te vergewe en grenslose barmhartigheid behoort te bewys. Petrus wou nog optree soos wat die Fariseërs geleer het – naamlik 'n oog vir 'n oog, en 'n tand vir 'n tand! Of, as jy tog barmhartigheid wil bewys, dan kan jy maar vergewe ... maar net tot sewemaal toe. Hierteenoor leer Jesus: In die koninkryk van die hemele is daar 'n onbepaalde vergifnis van alle sondes en 'n oneindige barmhartigheid – naamlik 70 maal sewemaal!

Ons bid gereeld die Onse Vader-gebed: “Vergeef ons ons skulde soos ons ons skuldenaars vergewe.” Jesus sê daarvan: “As julle die mense hulle oortre-dinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe ...” So nie ...?! (Matt. 6:14, 15).

In die koninkryk van die hemele word van die onderdane verwag om die vergifnis van die sonde en die verkryging van barmhartigheid en genade met 'n gelowige hart aan te neem. Maar óók om op dieselfde manier vergifnis en barmhartigheid aan die medemens te betoon. Die ontferming wat jy van Koning Jesus ontvang het, dring jou daartoe om self ook met ontferming teenoor andere op te tree. Indien ons God se belofte van vergifnis deur sy Gees met 'n ware geloof aanneem en met vergewensgesindheid teenoor ander optree, word die koninkryk van die hemele vir ons oopgesluit.

Sing: Psalm 66:1, 7

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)